NWK PERSVERKLARING

NWK vestig veevoerfabriek in Botswana

Noordwes Voere, ‘n filiaal van NWK Bpk, is die afgelope tien jaar in Botswana betrokke in die bemarking en verkope van sy Opti-veevoerreeks. Hierdie betrokkenheid word nou uitgebrei deur die oprigting van ‘n nuwe veevoerfabriek in Gaborone.

Die NWK direksie het vroeër besluit dat die tyd ryp is om oorweging te skenk aan ‘n eie veevoerfabriek in Botswana. Die besluit is ook in pas met NWK se groeistrategie en gediversifiseerde besigheidsmodel.

‘n Plaaslike vennoot is gevolglik geïdentifiseer, naamlik Mont-Trade (Edms) Bpk – handeldrywend as Feed Centre Botswana – en ‘n aandeelhouersooreenkoms is reeds onderteken. Die nuwe maatskappy sal as Opti Feed Botswana (Edms) Bpk bekend staan. Installasie van masjinerie en toerusting is tans in proses en die nuwe fabriek behoort teen Januarie 2011 in produksie te wees.

Gesamentlik opgestel en uitgereik deur NWK en Mont-Trade

Navrae: Johan Bezuidenhout
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking, NWK
Tel: +27 18 633 1368
jbezuidenhout@nwk.co.za

Uitgereik deur Infoworks op 15 Oktober 2010
Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
johan@infoworks.biz

www.nwk.co.za